# <u>Geloofsgroei – ontmoetings met die lewende God – 20 Mei 2020</u>

**Om die breër prentjie te verstaan: Waarop dit aankom in die lewe.**

Hoekom wil ons so graag dinge verstaan? Dit is dalk vervleg met die hoop dat ons slegte situasies in ons eie lewe of die lewe rondom ons sou kon verbeter as ons beter kon verstaan hoekom dinge verkeerd loop. Almal het al ervaar dat die lewe soms onregverdig en onbillik is, en soms behoorlik deurmekaar. Ook ons as Christene kan maar probeer om die lewe beter te verstaan. In die Bybel word verhale vertel van God se werk in die geskiedenis en mense se reaksie daarop. Dit veronderstel ook dat ons hierdie verhale sal lees , oordink en probeer om dit te verstaan – sodat ons plek en ons rol duideliker kan word. Ons weet dat die lewe deel is van ons lewe as Christene en daarom is dit belangrik om die LEWE te probeer verstaan. Ons roeping het tog gewoonlik iets te doen met die LEWE – met iets wat ons moet gaan doen.

**Perspektiewe uit die Woord**

God hou ons nooit in die duister nie en verwag nie van ons om Hom blindweg te gehoorsaam nie. Die feit dat ons die Bybel het wat propvol verhale van God is en van God se wil, sê dit baie duidelik. Die Bybel wil ons insig gee in wie en hoe God is – veral ook in wat Hy in die wêreld aan die doen is.

Wanneer die Here vir Moses roep word Moses ingelig oor wat die Here se plan is. Alhoewel Moses nie alles hoef te weet nie maak die Here meer as genoeg oor Homself aan Moses bekend sodat Moses met meer insig kan optree.

Deut 29:29 gaan oor die grens tussen genoeg weet en alles weet. Hierdie vers onderskei tussen die geopenbaarde en die verborge dinge van God. Ons kan maar net fokus op wat geopenbaar is omdat dit alles behels wat ons hoef te weet.

Daar is ook 'n teks wat stel dat die Here niks gedoen het sonder om dit met Sy dienaar Moses te bespreek nie. Die Here reik nie eenvoudig net 'n spul opdragte uit sonder om te verduidelik hoekom Hy dit vra nie. Hy wil hê dat ons Hom sal gehoorsaam omdat ons iets van Hom en van sy plan vir die wêreld verstaan en deel.

Kom ons dink aan Abraham. Aan die begin kry hy 'n opdrag sonder veel detail om sy gehoorsaamheid te toets. Namate sy pad met die Here egter

verder loop, kry hy al hoe meer insae in die Here se verlossingsplan. Aangrypend hoe die Here hom inlig oor sy plan met Sodom en Gamorra [Gen 18:16-33]

In Jesus kry ons ook insae in God se verlossingsplan. Ef 3:2-4 sê ons word ingelig oor die goeie nuus van God se groot liefde vir ons. Ook Heb 11 is op hierdie waarheid gebou. Die mense van wie daar geskryf word het met geloofsoë dinge gesien wat ander nie gesien het nie. Omdat hulle naby aan God geleef het en in God se openbaring gedeel het, kon hulle die groter prentjie sien.

**Ons behoefte om die lewe te verstaan.**

Plato: Wie nie oor die lewe nadink nie, leef nie werklik nie.

Geloof gaan tog daaroor om die breër groter prent te sien. Om so te sien help ons op baie maniere.

- Dit help ons om sin te maak van die lewe – van wat met ander gebeur en ook van wat met onsself aan die gebeur is.
- Dit help ons in tye van swaarkry en lyding. Hoe moeilik is sulke tye nie as ons geen sin daarvan kan maak nie.
- Insig in die groter prentjie help ons om beter besluite te neem.
- Dieper verstaan van God se wil en plan kan ons help om onsself met groter ywer aan die Here se saak te wy.

Ons kom gereeld agter dat die besigheid wat ons die lewe noem nie altyd werk nie. Dit is nie soos dit behoort te wees nie. Ons kan te veel tyd en energie spandeer terwyl ons probeer verstaan en dan niks doen nie.

**Sosiale teorie**

Filosowe en denkers besin al van die vroegste tye af oor die lewe en probeer verduidelik hoe dit nou eintlik werk. Ons weet ook dat navorsing op vele terreine deur die jare gehelp het om ons lewens beter te maak. Maar terwyl kennis vermeerder en ons talle dinge beter verstaan is daar steeds lewensgeheime wat ons begrip te bowe gaan. Ons verstaan dalk stukkies maar die lewe is so 'n groot geheel dat ons nooit by alles uitkom nie. Iewers is daar 'n samehang in die lewe, 'n heelheid wat baie belangrik is. Dink hoe ons kan planne beraam om die armes te help terwyl mense ook planne beraam om armes uit te buit. Ons kan teenmiddels maak om siektes te beveg en ook middels wat gesonde mense siek kan maak.

Daar is talle onopgeloste probleme waarop ons meen die Christelike geloof kan lig werp. Daar is ook altyd die vraag waar die skepper en herskepper God van die Bybel in hierdie hele werklikheid inpas. Vir ons as Christene bly dit van die belangrikste vrae: Hoe versoen ons die werklikheid en alles wat gebeur met geloof in die drie-enige God van die Bybel.

**Die groter prent in die Bybel – Hoe Christene oor die lewe dink.**

Ons glo in God as die oorspronklik Skepper en onderhouer van alle lewe.

Oor die presiese hoe van die skepping gee ons nie voor om te veel te weet nie – ons glo wel dat hierdie ganse werklikheid waarin ons leef deur God geskep is. Os glo daar is in die skepping bepaalde patrone en ritmes ingebou wat beteken dat die werklikheid aan bepaalde reëls onderworpe is. Die verhaal in Genesis 1-3 gee vir ons 'n kykie in hierdie patrone. Namate 'n mens ook met die lewe vorder leer jy ook lesse. Ons kosbaarste skat is nie dat ons die lewe verstaan nie, maar dat ons die God ken wat die lewe gemaak het, dit onderhou en verstaan.

Die sonde as 'n afbrekende teenmag

Daar is nie net positiewe magte in die wêreld aan die werk nie. Ons sien onmin en vyandskap, bedrog en misdaad. Hongersnood, epidemies en oorlog. Hierdie negatiewe magte is sterk en bederf soms die beste oomblikke van die lewe. Ons verbind hierdie magte met die sondeval. Die woord boosheid dui op die sinisterre oorsprong van die negatiewe magte. Die woord SONDE beklemtoon dat mense ook 'n aandeel daaraan het. Hierdie boosheid is baie naby aan ons elkeen en in onbewaakte oomblikke kan ons self dienaars daarvan word.

Verlossing deur Christus en die herskepping deur die Gees.

Ons redding lê daarin dat die Here ons nie uitgelewer het om net ons lewe tussen hierdie magte van goed en kwaad te slyt nie. God het in Jesus ingegryp in die bestaan van mense om redding, heling en verlossing te bring. Deur die lewe en sterwe en opstanding van Jesus is die lewe in 'n nuwe rigting gestuur. En ons weet Jesus het nie net vir Christene gekom nie maar vir almal. Ons glo dat 'n mens die diepste sin en geheim van die lewe nie buite om Christus kan verstaan nie. Ons kan daarom ook weet dat die slegte nooit oor die goeie sal seëvier nie. Hierdie herskeppingsmag van God in Christus is

baie sterk. Dieselfde mag wat Jesus uit die dood laat opstaan het [Ef 1:19-20] Uiteindelik sal hierdie mag van God alle boosheid oorwin.

Ons as mense word by die proses ingeskakel.

God maak ons sy bondgenote en medewerkers. By die Skepping reeds kry die mens die verantwoordelikheid as beelddraer van God en bestuurder van God se huishouding. Ons weet nie presies hoe dit werk nie. Maar deur die geloof is ons met Christus verenig deur die Gees wat in ons woon. En hoe nader ons aan die Here leef hoe beter kan Hy ons in Sy diens gebruik. Maar die Here kan selfs soms deur ongelowiges werk of deur omstandighede – selfs soms ten spyte van omstandighede.

Christus kom weer om God se ewige koninkryk finaal op te rig.

In die latere boeke van die Nuwe Testament neem die Bybelse boodskap oor die heroprigting van God se koninkryk duideliker vorm aan. Dit is wanneer die bose finaal verslaan sal word en God se kinders bevry sal word van alle gevolge van die sonde. Die taal waarmee die Bybel oor die einde van die tyd praat, is 'n vreemde mengsel van simbool en werklikheid. Daar bly van die Nuwe Testamentiese heil min oor as ons nie meer in Christus se tweede koms en die ewige lewe kan glo nie [1 Kor 15:12-34]

Daarom:

Ons moet uithou en aanhou as dit swaar gaan. Ons moet ook nie bang en benoud word as die gevaar dreig nie. Mense kan nie regtig iets aan ons doen nie. Die ewige lewe kan niemand van ons wegvat nie.

Ons moet ook nie te bly word as dit met ons goed gaan nie. Sien dit raak as goedheid en genade uit die Here se hand sonder om jou hart aan die dinge van hierdie wêreld op te hang.

Watter verskil sal dit maak as ons onthou dat Christus weer kom?

- Blymoedig in teenspoed
- Moedig in gevaar
- Moenie jou hart op die dinge van die wêreld verloor nie

ONS rol?

Ons is op aarde ingetrek in die groter stryd tussen goed en kwaad.

Daar is altyd opbouende positiewe magte en afbrekende negatiewe magte. Ons kan Hom nie sien nie maar God self is ook op die een of ander manier in al hierdie situasies werksaam. Ons is God se medewerkers en bondgenote om diensbaar te wees in die deurvoer van Sy wil. Ons kry nie altyd 'n direkte duidelike boodskap van BO wat uitspel wat ons moet doen nie. Meestal word ons net opgeroep om soos verstandige mense te kyk en te luister en op te tree.

Onthou – ons uitgangspunt is dat ons van elke situasie glo dat die Here daarin teenwoordig en werksaam is. In al hierdie situasies roep Hy ons om Sy helpers te wees en om soos Hy om te gee, onsself te skaar aan die kant van wat goed en reg is en in alles na Sy wil en Koninkryk te soek.